**Skriflesing: 2 Konings 22 vers 1 – 23 vers 3**
**Tema: Die Bybel raak verlore in die kerk**

Josia se voorgangers was sy oupa Manasse en sy pa Amon. Van Manasse lees ons in 2 Konings 21:2 dat hy gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here. Hy het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg. In die tempel is altare vir ander gode opgerig. Hy het baie mense om die lewe gebring. Sy eie seun het hy aan heidense gode laat offer. Amon het in sy pa se voetspore gevolg. Ons lees daarvan in 2 Konings 21:20. Hy het dieselfde stinkende afgode as sy pa gedien. Vir amper 30 jaar het Israel onder die heerskappy van konings gestaan wat die Here nie gedien het nie.

Amon word opgevolg deur sy seun, Josia. Josia was 'n besondere koning, veral wat sy verhouding met Here aanbetref. Ons lees van hom in 2 Konings 22:2: "Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie." In 2 Konings 23:25 lees ons: "Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en na hom was daar ook nie 'n koning soos hy nie." Josia het die Here met toewyding en oorgawe gedien.

Hy het die tempel laat herstel. Die afgodsbeelde en altare van ander gode het hy afgebreek. Hy stuur sy staatssekretaris Safan na die tempel om die betaling vir die herstelwerk te reël. Daar aangekom, lig die hoëpriester Gilkija hom in dat hy die wetboek in die huis van die Here gekry het. Daar is verskil in mening oor wat hierdie wetboek was. Party verklaarders dink dit was die eerste vyf boeke van die Bybel, ander weer dink dit was waarskynlik 'n gedeelte van die boek Deuteronomium.
Wat tragies is, is dat die wetboek in die tempel verlore gegaan het. Die Bybel is nie gelees nie. Niemand weet waar dit is nie. Niemand soek daarna nie. Dit is per ongeluk gevind tussen al die heidense afgode. Trouens, dit lyk nie of die hoëpriester weet wat om daarmee te maak nie. Hy stuur die wetboek saam met die staatsekretaris na die koning toe. Die staatsekretaris lig koning Josia in oor die werk wat aan die tempel gedoen is. Hy vertel Josia ook van die wetboek en lees dit vir hom voor.

Koning Josia tree op, want hy besef dadelik dat hy en die volk skuldig is. Hulle het die bepalings van die wetboek oortree. Daarom straf God vir hulle. Hy huil en het berou oor hulle ongehoorsaamheid. As teken van sy rou skeur hy sy klere. Hy stuur 'n senior afvaardiging na die vroueprofeet Gulda toe om die Here te raadpleeg.

Gulda bring die boodskap van die Here, wat ook die boodskap van die hele Bybel is. God beplan voorspoed, maar die volk kies teëspoed. Ons lees die belofte van die Here in 2 Konings 21:8: "As Israel alles doen wat Ek hulle beveel het, in ooreenstemming met die hele wet wat my dienaar Moses vir hulle neergelê het, sal Ek hulle voete stewig geplant hou op die grond wat Ek aan hulle voorvaders gegee het."

Israel is ongehoorsaam aan die Here. Hulle verlaat die Here en offer aan ander gode. Hulle tart Hom en daarom gaan hy die volk straf en verwoes. Die Here het gesien dat Josia se hart geraak is deur die woorde wat hy gehoor het. Hy het berou getoon en daarom gaan dié onheil hom nie tref nie. Hy sal in vrede sterf. Die feit dat God se sorg en seën op hom is, is nie genoeg vir Josia nie. God se boodskap spoor die koning aan om nog meer kragdadig in geloof op te tree. Die grootste hervorming in die Ou Testament vind plaas na die ontdek van die wetboek.

Josia roep die hele volk, groot en klein, by die tempel bymekaar. Hy lees vir hulle uit die wetboek of die boek van die verbond voor. Hy roep hulle op tot gehoorsaamheid en hulle wy hulself opnuut aan die Here toe. Josia en die volk hernu die verbond met die Here. Hulle beloof om die Here te volg, aan Sy wil gehoorsaam te wees en die voorskrifte van die verbond na te kom.

Ons lees in die volgende hoofstuk hoe Josia afgodery bestry. Hy gaan met hernude ywer voort om die altare en tempels van die afgode te laat afbreek. Hy laat die volk gereeld na die tempel in Jerusalem kom. Hy sluit sy hervormings af met die herinstel van Paasfees, die fees waartydens die volk hulle verlossing uit Egipte gevier het. Nou is die volk weer vry. Hulle kan as volk van God feesvier.

Dit is 'n tragiese feit dat die Bybel in die kerk verlore kan raak. 'n Meer onlangse voorbeeld hiervan kom uit die Donker Middeleeue. Die Rooms Katolieke Kerk was die kerk van die dag. Die Bybel was net in Latyn vir die geleerdes beskikbaar. Gewone gelowiges het nie Bybels gehad nie en kon ook nie Latyn verstaan nie. In 1506 Beveel Julius II dat die St Pieterskerk gesloop en totaal herbou moet word - bouwerk wat 120 jaar geneem het om te voltooi. Toe die geld vir die bouwerk opraak, kry pous Leo X 'n blink plan. Hy begin die aflaatstelsel waarvolgens jy vir jou eie en selfs vir geliefdes wat al gesterf het, se sondevergifnis kan betaal. Die Bybel word herontdek deur die Hervormers en dit word aan almal beskikbaar gestel. Martin Luther kry die Bybel in 'n biblioteek in die hande. In 'n klooster doen hy Bybelstudie en die Here gebruik Romeine 1:17 om hom tot bekering te bring: "In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

Op 31 Oktober 1517 (500 jaar gelede), spyker Luther sy 95 stellings aan die kerkdeur in Witteberg vas. Die Bybel was verlore in die kerk, maar God het hom en baie ander gebruik om dit te herontdek.

Die Bybel as fisiese boek sal nie sommer weer verlore gaan nie. Die grootste gevaar vir ons is dat die Bybel as Woord, as plan van God, in ons lewens verlore kan gaan.

Kyk wat daagliks rondom ons aangaan. Dit lyk of die Bybel verlore geraak het in die wêreld.

Maar nog erger: dit lyk of die inhoud van die Bybel verlore geraak het in die kerk. Wat leerstellige sake aanbetref, is daar sommige geleerdes wat nie meer glo in die maagdelike geboorte, die opstanding van Jesus en die duiwel nie - om maar net 'n paar voorbeelde te noem.

Ook in die kerk leef van ons nie meer die evangelie van die Here nie. Ons volg ons eie evangelie en dié is vol afguns, gebroke verhoudings, liefdeloosheid en selfsug.

Ons kan hierdie verlore-raak van die Bybel vergelyk met die eienaarshandleiding van 'n mikrogolfoond wat ons onlangs gekoop het. Ek weet watter knoppie ek moet druk om iets warm te maak, maar verder niks meer nie. Die mikrogolf kan soveel meer doen. Ek moet dit net ontdek deur die eienaarshandleiding te lees.

So is die Bybel God se eienaarshandleiding vir elkeen van ons. Ons is gevul met wonderlike Goddelike potensiaal. Ons moet net ons eienaarshandleiding oopmaak, dit lees en in gehoorsaamheid aan Sy wil gaan leef. So word ons volle potensiaal ontsluit en God geëer.

**Amen**